

OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
OYSTER BAY RESIDENTS' ASSOCIATION

VOORSITTERSVERSLAG/CHAIRPERSON'S REPORT
2022

Wersaamhede van die Bestuurskomitee
Activities of the Management Committee

VOORWOORD:

Die jaar 2022 is gekenmerk deur die afskaffing van die Covid inperkings. Aktiwiteite het teruggekeer na normaal en in sekere opsigte selfs verhoog om agterstande in te haal.

Die nuwe Munisipale Raad is saamgestel nadat die DA 'n volstreekte meerderheid in die 2021 verkiesing behaal het. Nuwe verhoudinge moes met raadslede gesmee word. Daar is met die nuwe Speaker kennisgemaak.

Heelwat senior amptenare van die Munisipaliteit het afgetree of is vervang. Nuwe verhoudinge moet ook met hulle opgebou word.

Soos in vorige jaarverslae vermeld, is hierdie slegs 'n beknopte weergawe van die werksaamhede van die Bestuurskomitee, vanweë die omvang van die aktiwiteite van die Bestuurskomitee.

Ons vind dit tog nodig om te meld dat die werk wat die lede van die Bestuurskomitee doen 'n vrywillige diens is.

Alhoewel frustrasie dikwels ervaar word, om noodsaaklike dienste deur die Munisipaliteit en

INTRODUCTION:

2022 was characterised by the abolishment of the Covid curtailments. Activities returned to normal and in some instances increased to catch up on back logs.

The new Municipal Council was established after the DA obtained an absolute majority in the elections. New relationships had to be established with new councillors. The new Speaker visited Oyster Bay to introduce himself.

Quite a large number of the senior officials of the Municipality retired or were replaced. We had to build new relationships with them as well.

As in our previous annual reports, this report is a concise account of the activities of the Management Committee. The activities of the Management Committee are numerous. A comprehensive report of all input is therefore not possible.

We deem it necessary to mention that the services rendered by Management are voluntary.

Although we at times experience huge frustration to get essential services performed by the

<p>Provinsie te verkry, glo ons dat ons pogings wel resultate lewer. Die toets hiervoor sal sekerlik wees om 'n Oesterbaai en Umzamowethu sonder 'n Inwonersvereniging te ervaar.</p> <p>Joe Meyer se afsterwe het ons hard getref. Behalwe vir die verlies van 'n vriend is sy toewyding tot die verbetering van Oesterbaai onvervangbaar.</p>	<p>Municipality and Province, we do believe that our endeavours lead to results. The test of this would be to experience an Oyster Bay and Umzamowethu without a Residents' Association.</p> <p>The passing on of Joe Meyer was a huge blow to us. We lost a dear friend and a person who was absolutely devoted to the development of Oyster Bay.</p>
<p>1. FINANSIES Verantwoordelike Komiteelid: Martiens Kuneke.</p> <p>Ons bedank die Tesourier vir sy nougesette bestuur van ons finansies.</p> <p>Die aangehegte finansiële state sal deur Martiens bespreek word. Die Bestuurskomitee probeer alle werk op die mees ekonomiese wyse uit te voer.</p> <p>Die Bestuurskomitee is baie dankbaar vir die 45 gesinne wat jaarliks/maandeliks skenkings aan die OIV doen. Sonder dié bydraes sou ons hande afgekap wees.</p> <p>Die OIV se voortbestaan bly nou meer as ooit afhanklik van donasies deur ons lede.</p>	<p>1. FINANCE Responsible Committee Member: Martiens Kuneke</p> <p>We thank our Treasurer for his devoted management of our finances.</p> <p>Martiens will discuss the attached financial statements. The Management Committee endeavour at all times to perform duties as economically possible.</p> <p>The Management Committee is truly thankful towards the 40 families making donations to OBRA. Without your generosity, we will not be able to do much.</p> <p>The existence of OBRA is more than ever dependant on donations from our members.</p>
<p>2. OMGEWINGSAKE Verantwoordelike Komiteelid: Otto Pepler</p> <p>2.1 Duine: Die afsterwe van Joe laat hier 'n leemte wat nie deur die Bestuurskomitee gevul kan word nie.</p> <p>Die Munisipaliteit gaan voort met die werk, maar die afwesigheid van Joe se leiding is duidelik sigbaar. Ons het beloftes gehad van die Munisipaliteit dat Branderstraat wat nog met sand bedek is gelig sou word en met 'n dik lag gruis bedek sou word tot by die laaste huis. Ons is bekommerd dat dit met tyd maar weer deur sand bedek sal word. Ons sal aanhou druk toepas, ook vir die beplanting van die duine.</p> <p>Die Slangriviermond het hierdie jaar oopgebly en het tot in November bly vloei.</p>	<p>2. ENVIRONMENTAL AFFAIRS Responsible Committee Member: Otto Pepler</p> <p>2.1 Dunes: The passing on of Joe Meyer resulted in a huge gap that we cannot address from the Management Committee.</p> <p>The Municipality continues with the work, but the lack of leadership from Joe is obvious. We received promises that the part of Brander St. still covered by sand, would have been gravelled and compacted up to the last house. We are worried that it will be covered in sand again. We will continue to exert pressure for the planting of the dunes.</p> <p>The Slang River mouth remained open this year and water flowed into the sea until November.</p>

<p>2.2 Voetslaanpad Verantwoordelike Bestuurslid: Otto Pepler</p> <p>Die voetslaanpad is voltooi en die uitkykpunte is sedert verlede jaar aangebring. Ons kan u verseker dat dit 'n uitsonderlike ervaring is om die pad te stap.</p> <p>Die naamgewing van die voetslaanpad sal tydens die Kersmark geskied.</p>	<p>2.2 Hiking Trail Responsible Committee Member: Otto Pepler</p> <p>The hiking trail is completed. Viewpoints have been created since last year. We assure everyone that it is a pleasurable experience to go hiking on the trail.</p> <p>The naming of the hiking trail will be done during the Country Market.</p>
<p>3. WATERVOORSIENING. Verantwoordelike Komiteelid: Otto Pepler en Buks Degenaar.</p> <p>Die watervoorsiening in Oesterbaai het die afgelope jaar min probleme opgelewer. Waterlekke en pype wat breek geniet dieselfde dag aandag en in die geval van kleiner lekke, die volgende dag. Daar is goeie kommunikasie tussen Buks en die amptenare, sodat inwoners gewaarsku word wanneer watertoevoer toegedraai word vir herstelwerk.</p> <p>Die fonteine is standhoudend en die boorgate en pompe word in stand gehou.</p> <p>Ons verneem dat sonpanele vir die pompe by die boorgate wel aandag sal geniet. Druk hiervoor sal toegepas word. In die geval van lang periodes van beurtkrag, mag die pompe nie aan die aanvraag gedurende die vakansietyd voldoen nie. Beperk asb. u waterverbruik. Die westelike deel van die Oos-Kaap is steeds in 'n ernstige droogte.</p> <p>Waterbeperkings geld steeds en die gebruik van tuinslange wat aan munisipale water gekoppel is, is onwettig. 'n Beroep word op die inwoners en besoekers gedoen om die waterbeperkings te gehoorsaam.</p>	<p>3. WATER SUPPLY Responsible Committee Member: Otto Pepler and Buks Degenaar.</p> <p>Fewer problems were experienced with water supply the past year. Water leaks and pipes breaking, receives attention the same day, smaller leaks the next day. Good communication exists between Buks and the officials, resulting in officials warning us when water supply is interrupted for maintenance.</p> <p>The fountains are flowing and boreholes and pumps are being serviced.</p> <p>We have been informed that the pumps at the bore holes will receive solar panels. We will continue reminding them of this crucial necessity. We anticipate that in times of extended load shedding, problems may be experienced with the pumping of water. We request that water usage be limited, especially in times of load shedding.</p> <p>Water restrictions are still in place. Usage of hoses connected to municipal water is prohibited. We therefore again appeal to all residents and visitors to obey the water restrictions.</p>
<p>4. GEMEENSKAPSAAL Verantwoordelike Komiteelid: Adriaan van Wyk en Maranda Degenaar.</p> <p>Die Speaker, Brenton Williams, het ons in Januarie besoek oor die bestuur van die saal. Hy het ons verseker dat die bestuur van die saal by die OIV Bestuurkomitee sal bly - solank die DA in Kouga Munisipaliteit aan bewind is.</p>	<p>4. COMMUNITY HALL Responsible Committee Member: Adriaan van Wyk en Maranda Degenaar.</p> <p>Brenton Williams, new Speaker, visited us in January regarding the management of the hall. He ensured us that the Management Committee of OBRA will remain responsible for the management of the hall, for as long as the DA is in power in Kouga Municipality.</p>

<p>Ongelukkig sukkel ons steeds om die Memorandum van Verstandhouding oor die huur en bestuur van die saal henu te kry. Hulp is van die proporsionele Raadslid, Shena Ruth, versoek in die verband. Ons glo met volgehoue druk, sal die aspek in die komende jaar aandag kry. Die Munisipaliteit verwys alle versoeke oor gebruik van die saal na Adriaan van Wyk, of myself.</p> <p>Die heining om die saal, waarvoor die OIV vir jare gevra het, is aangebring. Ons ontvang navrae oor die noodsaaklikheid daarvan. Ons het sedert die aanbring daarvan geen diefstal of vandalisme ervaar nie en die rondloper vee is iets van die verlede.</p> <p>Ons het verder 'n onderneming van die persoon in beheer van die instand-houding van gemeenskapsale gekry, dat die vensterrame vervang sal word, 'n plafon in die kombuis aangebring sal word en die vloer herbedek en geverf sal word. Hierdie onderneming het gevolg na vertoë aan Rdl. Shena Ruth. Ons hoop ook om die dak met ecorubber te verf. Die Munisipaliteit het aangedui dat hulle die koste gedeeltelik sal dra.</p> <p>Die saal is die afgelope jaar meer dikwels benut. Dit gaan gepaard met gereelde druk op bestuurslede vir oop- en toesluit. Ons bedank hulle vir hierdie ondankbare werk.</p>	<p>We unfortunately still struggle to get the Memorandum of Undertaking with regards to the management of the hall renewed. We requested support from the proportional Councillor Shena Ruth in this regard. We believe that with continued pressure we will succeed. The Municipality refers all requests for utilising the hall, to either Adriaan or me.</p> <p>The fence around the hall has been installed. This followed years of requests from us. We receive enquiries about the need for the fence. After the fence was erected, we had no theft or vandalism and the stray cattle is something of the past.</p> <p>We further received an undertaking from the person in charge of the maintenance of community halls, that the window frames will be replaced and a ceiling will be installed in the kitchen. The floor will also be screeded and painted. This followed after representation to Clr. Shena Ruth. We hope to have the roof painted with ecorubber. The Municipality indicated that they will cover the cost for the materials.</p> <p>The hall was more frequently utilised the past year. This demands more frequent pressure on Management committee members for unlocking and locking of the hall. We thank them all for this thankless task.</p>
<p>5. AFVALSTORTINGSTERREIN Verantwoordelike Komiteelid: Adriaan van Wyk en Walter Kurten</p> <p>Die bestuur en instandhouding van die afvalstortingsterrein het hierdie jaar verbeter. Probleme word voortdurend aan die toesighouer rapporteer en reaksie volg gewoonlik gou.</p> <p>Ongelukkig ervaar ons dat sekere inwoners boumateriaal afval daar stort. Ons moedig die toesighouer aan om hierdie persone by die Munisipale Polisie aan te kla. Die terrein word nare gesluit.</p> <p>Versoeke word ontvang vir die daarstel van 'n terrein vir tuinafval. Humansdorp se stortingsterrein is vir die doel ontwerp. St. Francis met baie meer huise moet ook hulle tuinafval na</p>	<p>5. REFUSE DUMPING SITE Responsible Committee Member: Adriaan van Wyk en Walter Kurten</p> <p>Management and maintenance of the dumping site improved this year. Problems reported to the supervisor usually receive prompt response.</p> <p>Unfortunately some residents drop building rubbish there. We encourage the Supervisor to report these residents to the Municipal Police. The site is now again locked after hours.</p> <p>We receive requests for a dumping area for garden refuse. The Humansdorp refuse site has been designed for this purpose. St. Francis' residents all have to take their garden refuse to Humansdorp.</p>

<p>Humansdorp neem. Die munisipaliteit is nie bereid om hieroor te onderhandel nie.</p> <p>Ons versoek weereens dat u tydens vertrek u vullissakke nie op die sygaardjie sal laat nie. Dit word oopgeskeur deur honde, ape ens. Neem u sakke asb. na die stortingsterrein en indien dit gesluit is, plaas dit in een van die blou vullisdromme wat deur die Bestuurskomitee op verskeie plekke in die dorp aangebring is.</p>	<p>The Municipality is not prepared to negotiate this matter.</p> <p>We again request that refuse bags not being left on pavements when residents leave Oyster Bay. Dogs, monkeys etc. tear it open. Please take your refuse bags to the refuse site. If closed at the time, place your bags in one of the blue refuse drums which the Management Committee placed at various sites.</p>
<p>6. PAAIE Verantwoordelike Komiteelid: Buks Degenaar en Walter Kurten</p> <p>Buks het weereens gesorg dat die interne paaie instand gehou word. Dit vereis verskeie oproepe om gruis van die Munisipaliteit te bekom. Buks het ook die slaggate op die teerpaaie herstel met teer wat hy van die Munisipaliteit bekom het.</p> <p>Nadat oproepe van Walter oor die provinsiale pad hierheen op 'n dooie punt uitgeloop het, is 'n brief aan die Minister van Vervoer van die Provinsiale Regering geskryf. Na verskeie pogings om dit na haar te e-pos, is geen ontvangserkenning verkry nie. Die brief is toe per koerier na haar kantoor gestuur. Die koerierdiens het 6 pogings aangewend om dit by haar kantoor af te lewer. Hulle het elke keer geskakel om te bevestig dat daar geen amptenaar by haar kantoor is om ontvangs van die brief te neem nie. Intussen is kopieë van die brief aan munisipale raadslede oorhandig om die saak namens ons te voer. Na 6 maande word die pad nou herstel. Die gevaarlike tydelike "bruggie" net voor die St. Francis afdraai is ook in hierdie brief aangespreek. Die provinsiale padbestuurder van die gebied het bevestig dat R 4 mil. toegeken is vir die herbou van die bruggie. Geen tydsraamwerk is voorsien nie...</p> <p>Ons het ook by meer as een geleentheid vertoë gerig vir die skraap van die paaie in Umzamowethu. Dit is 3 keer hierdie jaar gedoen.</p>	<p>6. ROADS Responsible Committee Member: Buks Degenaar en Walter Kurten.</p> <p>Buks took the responsibility to maintain the internal roads. Many calls and negotiation is needed to obtain gravel from the Municipality. Buks also repaired the potholes in the tarred roads with asphalt which he obtained from the Municipality.</p> <p>Walter's calls for repair of the provincial road resulted in no response. He then addressed a letter to the Provincial MEC of Transport. The letter was e-mailed to her various times, but no acknowledgement of receipt could be obtained. The letter was then sent to her office by courier. The courier service was at her office 6 times to deliver the letter. They phoned each time to inform me that they find nobody at her office to take delivery of the letter. Copies of the letter were given to councillors to pursue the matter on our behalf. After 6 months the road is now being repaired. The dangerous temporary bridge before the St Francis turn-off was also addressed in this letter. The Provincial road manager confirmed that R4 mil. Is allocated for the reconstruction of the bridge. No time frame though...</p> <p>We further made several representations for the grading of the roads to and in Umzamowethu. It was performed 3 times this year.</p>
<p>7. KOMMUNIKASIE EN NUUSBRIEWE Verantwoordelike Komiteeled: Walter Kurten</p> <p>Die OIV se WhatsApp groepe is ons hoof kommunikasie medium. Dit blyk suksesvol te wees,</p>	<p>7. COMMUNICATION AND NEWS LETTERS Responsible Committee members: Walter Kurten</p> <p>OBRA utilises its WhatsApp groups as our main means of communication. It seems to be</p>

<p>inaggenome die hoeveelheid versoeke vir die byvoeging van nuwe lede/kontakte.</p> <p>Na navrae van enkele permanente inwoners oor wat die Bestuurskomitee doen, het Walter kwartaalverslae oor die werksaamhede per WhatsApp uitgestuur.</p>	<p>successful in view of the number of requests for new members/participants.</p> <p>Enquiries by some permanent residents about what the Management Committee does, lead to the Quarterly reports distributed on WhatsApp.</p>
<p>8. BRANDWEER Verantwoordelike Komiteelid: Riekie Pienaar</p> <p>Die bou van die brandweerdepot is in die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan as 'n behoefte uitgewys – jaar 2024/25.</p> <p>Ons het ook die behoefte aan meer brandkrane aangedui en is meegedeel dat dit aangebring sal word en Buks was betrokke by die bepaling van punte waar dit benodig word.</p> <p>Riekie sorg dat die brandblussers (volgens behoefte) gedien word.</p>	<p>8. FIRE BRIGADE Responsible Committee member: Riekie Pienaar</p> <p>The building of the fire depot is contained in the Integrated Development plan as a need – year 2024 -2025.</p> <p>We indicated the need for more fire hydrants. The Municipality indicated that it will be installed. Buks was involved in the determination of the points where it is needed.</p> <p>Riekie ensured that fire distinguishers were serviced as needed.</p>
<p>9. UMZAMOWETHU Verantwoordelike Komiteelid: Adriaan van Wyk</p> <p>Die Bestuur het vroeg in die jaar besluit om ons werksaamhede in Umzamowethu af te skaal vanweë min sukses en die veranderende profiel van die inwoners.</p> <p>Tog het die hoeveelheid versoeke vir bystand maar soos vorige jare aangehou.</p> <p>Walter het Rdl. Shena Ruth betrek by die gevaarlike dreineringsloot aan die noorde en westekant van Umzamowethu. Sy het druk geplaas dat dit dreineer word. Ongelukkig is die vullis nog nie verwyder nie.</p> <p>Die swak sosio-ekonomiese situasie, die gepaardgaande drank- en dwelmmisbruik en die toenemende werkloosheid, veral onder jongmense, bly die grootste uitdaging.</p>	<p>9. UNZAMOWETHU Responsible Committee Member: Adriaan van Wyk</p> <p>Management decided early in the year to limit its involvement in Umzamowethu, due to little success and the changing profile of residents.</p> <p>The requests for assistance remained the same as in previous years.</p> <p>Walter requested assistance of Cllr. Shena Ruth in addressing a dangerous drainage ditch situated on the northern and western side of Umzamowethu. Under her pressure the ditch was drained, but the rubbish has not been removed.</p> <p>The bad socio economic situation, the associated alcohol and drug abuse and the increasing number of unemployed, especially the young, remains the most serious challenge.</p>
<p>10. VUURWERKE Die gebruik van vuurwerke is onwettig. Ons doen 'n ernstige beroep op almal om geen vuurwerke of papierlanterns te gebruik nie. Die brandgevaar is enorm groot.</p>	<p>10. FIRE WORKS The use of fireworks is illegitimate. We appeal to all to refrain from the firing of fireworks or use of paper lanterns. The fire hazard is extreme.</p>

<p>11. HONDE OP DIE STRAND Kom ons ag mekaar in goeie Oesterbaaigees deur nie ons liewe honde sonder leibande op die strand en in die dorp te laat stap nie.</p>	<p>11. DOGS ON THE BEACH We appeal to all to co-operate in good Oyster Bay spirit. Please do not allow dogs on the beach and in the streets in Town if not on a leash.</p>
<p>12. LEWENSREDDERS Verantwoordelike Komiteelid: Walter Kurten</p> <p>Die lewensredders word deur die Munisipaliteit voorsien en bestuur. Walter het druk uitgeoefen om hulle hier te kry.</p>	<p>12. LIFE GUARDS Responsible Committee Member: Walter Kurten</p> <p>The Municipality provide and manage the life guards. Walter had to put pressure on the Municipality to get them here.</p>
<p>13. KERSMARK Verantwoordelike Komiteeled: Riekie Pienaar.</p> <p>Ons is dankbaar dat die Kersmark weer hierdie jaar kan plaasvind. Groot dank aan Riekie en haar span wat al die werk daaraan verbonde gedoen het.</p>	<p>13. CHRISTMAS MARKET Responsible Committee members: Riekie Pienaar.</p> <p>We are delightful that the X-mas Market will again be held this year. Many thanks to Riekie and her team for all the hard work to make this possible.</p>
<p>14. KERSDIENS Ons gebruiklike Kersdiens word weer op Kersdag om 09:00 in die gemeenskapsaal gehou. Kollekte word aangewend vir welsyn aksies in die gemeenskap en instandhouding van die saal.</p>	<p>14. CHRISTMAS SERVICE The customary Service will this year again be held on Christmas at 09:00 in the community hall. Offertory at the service will as always be utilised for maintenance of the hall and welfare actions.</p>
<p>15. LIDMAATSKAP Opbetaalde ledetal: 172 (81 huishoudings)</p> <p>Lidmaatskap van die OIV is oop vir alle persone (eienaars/inwoners/belangstellendes) Elke lid van 'n gesin kan afsonderlik registreer. Ledegeld van R50-00/persoon vir 2022 is reeds vanaf 1 November 2021 betaalbaar.</p> <p>U word aangemoedig om die gelde direk in ons rekening in te betaal met u naam en Erfnommer. as verwysing.</p> <p>Bankbesonderhede: ABSA Bank Tak: 632005 Rek. Nr. 4052178885</p> <p>Bewys van deposito aan: martiens@lantic.net</p> <p>Kontantbetalings: by Martiens, Grunterstraat 213, of by Adriaan en Walter Palingstraat 214.</p>	<p>16. MEMBERSHIP Total members in good standing: 181 (71 households)</p> <p>Any person (residents/owners/interested persons) can become a member. Each member of a family can join separately. Membership fees of R50-00 pp. for 2022 is payable from 1 November 2022.</p> <p>We encourage all to transfer fees to our account. Your Name and Plot No. as reference.</p> <p>Banking details: ABSA Bank Branch: 632005 Acc. No. 4052178885</p> <p>Proof of Payment to: martiens@lantic.net</p> <p>Cash payments at Martiens, Grunter Street 213 or Adriaan and Walter, Paling Street 214.</p>

16. VERFRAAIING VAN DIE DORP

Verantwoordelike Besuurslede: Otto Pepler, Martiens Kuneke, Walter Kurten.

16.1 Sypaadjies.

Na verskeie versoeke het die Munisipaliteit 2 keer die afgelope jaar die bosse op die sypaadjies verwyder.

Gras sny dienste was meer problematies en dit is nie oral gesny nie. Ten tyde van hierdie verslag, was hulle wel besig om die gras te sny.

16.2 Verfraaiing van die ingang tot Oesterbaai/Umzamowethu.

Op inisiatief van Otto het Bouwen Schellingherhout, inwoner en landskapargitek, met verskeie voorstelle vir verfraaiing van die ingang na Oesterbaai voorgelê. Bouwen is passievol oor inheemse bome en plante. Sy aanvanklike voorstel het die aanbring van inheemse bome beide kante van die pad vanaf die R330 tot by Oesterbaai ingang behels. Ons het later besluit om as eerste prioriteit die ingang te verfraai deur 'n muur met die dorpsname, 'n paar rotse en inheemse plante by die ingang aan te bring. Die voorlopige begroting hiervoor beloop tans ±R 50 000. Die Wyksraadslid is ook genader om 'n bydrae hiertoe te maak vanuit die Munisipale wykstoekennings wat wyksraadslede ontvang. Hierdie versoek sal verder opgevolg word. Spesiale skenkings vir hierdie doel sal waardeer word.

16.3 Parkeerplekke by die strand.

Ons is dankbaar vir die inisiatief van die vroulike bestuurlede met die hulp van enkele inwoners vir die merk van die parkeerplekke met die pak en verf van klippe. Dit het die situasie grootliks verbeter.

16.4 Bankies op die strand.

Op voorstel van Buks en Maranda is twee bankies aangekoop om op die strand bokant die hoogwatermerk te plaas as hulp aan persone om te rus vanweë die redelike groot afstand na die see. Ons ontvang positiewe terugvoer. Ons sal in die nuwe jaar die aankoop van verdere bankies oorweeg.

16. BEAUTIFYING OF THE TOWN

Responsible Management Committee members: Otto Pepler, Martiens Kuneke, Walter Kurten.

16.1 Pavements

In response to numerous requests, the Municipality removed overgrown bushes from pavements twice this year.

Grass mowing services more problematic. After numerous requests they did mow the pavements at the time of compiling this report.

16.2 Beautifying of the entrance to Oyster Bay/Umzamowethu.

Otto took initiative to consult Bouwen Schellingherhout, landscape architect and resident, to submit proposals for beautifying the entrance to Oyster Bay. Bouwen is passionate about indigenous trees and plants. He initially proposed that we plant indigenous trees on both sides of the road from the R330 up to the entrance of Oyster Bay. We later decided to beautify the entrance with a wall with the names of the towns, a couple of rocks and indigenous plants, as first priority. The preliminary budget is ±R50 000. The Ward Cllr. Was also approached for a contribution from the municipal ward allocation. We will follow this up. Special donations for this purpose will be appreciated.

16.3 Beach parking

We are very grateful to the female management members and some residents who demarcated the parking with white painted stones. This improved the bad situation there.

16.4 Benches on the beach

Buks and Maranda proposed that we buy two benches to place above the high water zone to assist persons to rest due to the distance to the sea. We received positive feedback. Depending on the results we may buy more.

<p>16.5 Verkeerseilande Martiens neem verantwoordelikheid vir die netheid van die verkeerseilande, 2 tot 3 keer per jaar.</p>	<p>16.5 Traffic Islands Martiens takes responsibility to keep the islands neat and tidy it up 2 – 3 times per year.</p>
<p>18. SKOONMAAK VAN STRAND Verantwoordelike bestuurslede: Hylie en Anita</p> <p>Ten minste 3 skoonmaakaksies van die strand is op inisiatief van Hylie en Anita geloods. Ons het hieroor in die kwartaalverslae berig. Ons dank aan elke Oesterbaaier en die NSRI vir hulle entoesiastiese hulp.</p>	<p>18. CLEANING OF THE BEACH Responsible management committee members: Anita and Hylie.</p> <p>Hylie and Anita launched at least 3 beach cleaning sessions. We reported about this in the quarterly reports. We thank every resident and the NSRI for their enthusiastic assistance.</p>
<p>19. BIBLIOTEEK Verantwoordelike bestuurslede: Anita en Hylie.</p> <p>Die Biblioteek gaan van krag tot krag. Die ledetal neem toe. Ons oorweeg om in die nuwe jaar 'n plafon in die biblioteek aan te bring ten einde te voorkom dat die boeke, DVD's, CD's ens. deur stof beskadig word.</p>	<p>19. LIBRARY Responsible Management committee members: Anita and Hylie.</p> <p>The library goes from strength to strength. Membership increases. We consider to install a ceiling to prevent damage to the books, DVD's, CD's etc. due to dust.</p>
<p>20. Thyspunt Na die groot bohaai verlede jaar oor die NNR se oorweging van 'n aansoek van Eskom se aansoek om 'n lisensie vir die bou van 'n kernkragentrale by Thyspunt, was daar sedert die begin van hierdie jaar geen verdere verwickelinge nie.</p> <p>Die huisbewoners waar Radon opnames gedoen is, het wel per sms kennis van die metings in elke huis ontvang. Ons het nie verneem van enige resultaat wat as 'n radiologiese gesondheidsrisiko beskou word nie.</p>	<p>20. Thyspunt After the great fuss last year when the NNR considered an application by Eskom for a license to continue with the building of a nuclear energy plant at Thyspunt, no further developments occurred since the beginning of this year.</p> <p>Residents where Radon assessments were performed were informed by sms what the results were. We have not been informed of any result which poses a health risk</p>
<p>21. DBV Die Bestuurskomitee het vroeg hierdie jaar besluit om kontak met die DBV oor probleme met diere af te skaal. Tog het ons versoeke ontvang en het hulp verleen waar ons kon.</p> <p>Toe kom <i>Spay It Forward</i> tot ons hulp. Hierdie organisasie steriliseer troeteldiere van persone wat dit nie kan bekostig nie. Hierdie organisasie voed ook mense op oor die algemene versorging van hulle diere.</p>	<p>21. SPCA The Management Committee decided early in this year to scale down on contact with the SPCA about problem animals. We have received requests for assistance though, and assisted as far as possible.</p> <p>And then <i>Spay it forward</i> came to our assistance. This organisation spays pets of people who cannot afford it. They also educate people on general care of their pets.</p>

<p>Vanaf Junie 2022 tot hede is 60 honde en katte in Umzamowethu gesteriliseer. 'n Barmhartige lid van die OIV, vervoer die diere op eie onkoste. Indien u 'n bydrae wil maak, kontak Walter gerus.</p> <p>In samewerking met Oribi veeartse is 83 honde teen rabies ingeënt.</p> <p>Honde word ook gedip en ontworm.</p> <p>Kinders by die plaaslike skool het ook opleiding ontvang oor verantwoordelike troeteldiersorg.</p>	<p>Since June 60 dogs and cats were spayed in Umzamowethu. A compassionate member of OBRA transports the animals at her own expense. Should you wish to make a contribution in this regard, please contact Walter.</p> <p>In collaboration with Oribi Vets, 83 dogs were immunised against rabies.</p> <p>Dogs are also dipped and dewormed.</p> <p>Children at the local school received training regarding responsible pet care.</p>
---	--

Die Bestuurkomitee wens elkeen 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2023 toe.

Ons vertrou dat ons in die komende jaar op u ondersteuning kan staatmaak .

The Management Committee wishes all a Merry Christmas and Prosperous 2023.

We trust that we may rely on your support in the New Year.

Hierdie verslag en alle notules van vergaderings is beskikbaar by <https://oesterbaai.info>

This report and minutes of all meetings are posted at <https://oesterbaai.info>

Walter Kurten

Voorsitter/Chairperson